BabaGim® help met kruip

Ingestuur deur Marita Kruger

Heiline is op 34 weke gebore weens PET (Preaclumsia). Sy het 2.06kg geweeg en moes vir 2 weke suurstof ontvang. Bo en behalwe die suurstof te kort was Heiline gesond. Op 9 maande het Heiline nog nie begin kruip nie en ons het besef dat daar fout met die beentjies is, hul het nie reg ontwikkel nie.

Ons het by dokters raad gesoek -hulle het gese haar regter been se reflekse het nie reg ontwikkel nie. Hulle het voorgestel dat ons haar in 'n loopring of jolly jumper sit en haar na 'n maand na n pediater neem vir evaluasie. ‘n Maand het verloop en die dokters was tot ons verbasing tevrede met Heiline se progressie. Ons ouer harte was egter nie tevrede nie. Ons wou n groter verbetering sien.

Na Heiline se eerste verjaarsdag kon sy steeds nie kruip nie. My suster Bianka Wilson het my vertel van BabaGim® en het voorgestel dat ons so gou as moontlik by n BabaGim® Instrukteur uitkom.

Na Marita Kruger (BabaGim® Instrukteur) se besoek was ons baie opgewonde om met BabaGim® te begin. Marita het week 1se masseering aangebied en gese ons moet Heiline so gereeld moontlik masseer. Ek het haar 2 keer 'n dag gemasseer en ons albei het dit baie geniet. Nog voor Marita kon terug kom vir week 2 het Heiline begin kruip.

Ons was verjeug en glo dit als te danke aan BabaGim®!

Mamma: Jaqueline Helene Albrecht

Pappa: Heinz Albrecht

www.babygym.co.za